

1 Julie 2020

Geagte Ouers/Voogde Onderwysers en Leerders

1 Ons klubhuis word in twee klasse vir die Kovid-19-tydperk omskep.



Ons benodig nog een lokaal waarin ons 30 leerders kan akkommodeer. Die klubhuis se boonste vlak is die ideale ruimte en met die oog op gebruik in die toekoms, gaan ons hom toebou met groot skuifvensters wat agterna sinvol deur toeskouers by sportgeleenthede gebruik kan word. Dis ook 'n ideale konferensiefasiliteit met kombuis en badkamers op die middelste vlak. Hierdie is langtermyn 'n groot waardetoewoeging tot ons skool.

2 Randjie-TROTS

Ons "Facebook" blad wys die afgelope tyd prestasies van oud-leerders. 'n Mens kan nie anders as om trots te wees op wat ons Randjies na skool bereik nie. Daar is soveel dokters, kunstenaars en ander professionele lui, asook sakemanne en ander. Ons kan nooit almal plaas nie maar sal aanhou soos ons inligting kry. Dis baie spesiaal en 'n inspirasie vir ons huidige leerders. Hier is 'n paar van ons dokters.



3 Brug oor Malibongwe

Ons brug se konstruksie het nou in alle erns begin. Daar word voorberei om die ankerkolomme van die brug te giet. Een van die dae loop ons leerders veilig oor die brug.



4 Matriek 2021



Volgende jaar se Matrieks het hulle eie ontwerp en aanlyn gestem vir hulle keuse. Die wenontwerp word hier gewys. Mag die simboliek van die sterre 'n voorsmaak wees van die suksesse wat hulle, as groep, gaan bereik.

5 Graad 8-Inskrywings 2021

Ons het al meer as 180 inskrywings vir graad 8 in 2021. Tesame met die aanlyn-aansoek moet voornemende ouers papierwerk by die skool kom indien. Mev. Annette Steenekamp ontvang dié dokumentasie. Ons hou duimvas dat die getal tot naby 200 groei.



6 Kragopwekker

In afwagting van beurtkrag wat weer sal begin, het ons 'n geruime tyd gelede al 'n kragopwekker bestel. Die tyd van inperking het die proses aansienlik vertraag, maar die masjien is nou gereed vir aflewering. Gedagte ons "Google Classroom" aksie is dit krities dat ons skool nooit sonder krag sal wees nie. Dié kragopwekker is groot genoeg om aan die skool se totale behoefte aan elektrisiteit te voldoen – insluitend ons spreiligte op die A-rugbyveld wanneer nodig.



7 Graad 11's terug by die skool

Ons graad 11's het vandag teruggekeer skool toe na 'n afwesigheid van drie maande. Die eerste dag was beslis 'n aanpassing en duidelik is die behoefte aan kontak met maats groter as die behoefte aan sosiale distansiëring. Ons personeel kontroleer die handhawing van 'n 1,5m afstand tussen almal te alle tye. Graad 11's sal gou in die roetine kom. Ons sien baie uit daarna om al ons grade terug te verwelkom.



8 Spesiale sanitasie

Na aanleiding van ons eerste Kovid-19-geval is twee klaslokale, waaronder die skoolsaal, eers gesaniteer voor hulle weer in gebruik geneem kon word. Ons het in dié geval 'n buite-kontrakteur gebruik wat 'n sertifikaat tot dié effek gelewer het.



9 Tegnologie in die klaskamer

Die graad 12 Wiskundige geletterdheidsklas het vandag aanlyn met behulp van die skool se "Wi-Fi" en hulle slimfone, 'n vasvra-kompetisie via "Kahoot" gehou. Groot opgewondenheid het in die lokaal geheers. Leerders kan nou ook by die skool gratis inskakel op die skool se "Wi-Fi"-netwerk om hulle "Google Classroom"-lesse, opdragte en notas af te laai. Hulle kan ook by die skool hulle werk aanlyn indien en aanlyntoetse skryf. Ons is baie bevoorreg dat ons hierdie diens vir elke kind en onderwyser by die skool kan aanbied.



10 Slot

Ons "nuwe normaal" is vir almal 'n aanpassing. Deurlopend moet ons egter fokus op die handhawing van 'n kwaliteit lewe binne die grense en reëls wat Kovid-19 veroorsaak. Ons mag nie in 'n hoek gaan sit en wag vir die storm om verby te gaan nie.

Almal moet healtyd redelik, verantwoordelik en met insig en kennis optree. Saam sal ons anderkant uitkom.

Sterkte aan elke huisgesin in hierdie tyd. Daar is mense in ons gemeenskap wat steeds nie kan begin werk en 'n behoorlike inkomste verdien nie. Ons dink aan elkeen in hierdie moeilike tyd. Ons dink ook aan elke gesin wat geraak word deur Kovid-19. Ons wense is vir spoedige beterskap, waar nodig en sterkte in meer ernstige gevalle. Ons bede is met julle almal.

Wees asb. versigtig, dra maskers, saniteer deeglik, ens. Gauteng is skielik besig om 'n brandpunt vir Kovid-19 te word.

Vriendelike groete.

P BOOYSEN: Hoof